

HOOFSTUK 5

'n VERSTELDE PRAKTYKTEORIE VIR DIE KERK- LIKE JAAR IN DIE PREDIKING VAN DIE NG KERK

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n verstelde praktykteorie vir die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk voorgestel. Die sirkulêre verstaansproses van begryp, verklaar en verander (vgl 1.2 - 1.5; 1.9) word hier terugbeskouend belig en tot sluiting gebring. Inligting wat in die empiriese ondersoek versamel is, word hier in verband gebring met die inligting wat reeds vroeër in die literatuurondersoek bymekaargemaak is en by wyse van 'n beoordeling, word nuwe of verstelde konsepte wat benodig word vir 'n relevante praktykteorie om die praxis te rig en lei geformuleer. Riglyne vir praktiese implementering van die voorstel word gegee en sake vir verdere ondersoek word geïdentifiseer.

In die eerste fase van die ondersoek, wat volgens Heitink (1993:160) ingebed is in die hermeneutiese interpretasieteorie wat gerig is op die *verstaan* van tekste en handeling, is die metateoretiese vertrekpunte waarmee in hierdie studie gewerk is ondersoek (hoofstuk 2) en daarna is, steeds as deel van hierdie fase, gekyk na 'n basisteorie vir die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk (hoofstuk 3). In hierdie ondersoek, waarin van 'n literatuurondersoek gebruik gemaak is, is vasgestel dat die kerklike jaar om verskeie redes waardevol is vir die prediking en ook tans besonder aktueel is in en vir die NG Kerk.

In die tweede fase van die ondersoek, wat poog om te *verklaar*, is by wyse van 'n empiriese ondersoek (hoofstuk 4) navorsing gedoen oor die praktyk van die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk. Hierin is vasgestel dat daar alreeds 'n praktyk rondom die kerklike jaar in die prediking (en gementelike lewe en arbeid) gevestig is, maar dat daar 'n gedeeltelike disfunksionering bestaan in die wyse waarop die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk gestalte vind. Die redes hiervoor is onder andere dat nie al die inskrywings in die kerklike jaar 'n beduidende invloed op die tekskeuse en prediking van die NG Kerk het nie en dat wanneer inskrywings in die kerklike jaar en ander geleenthede met mekaar saamval, die inskrywing in die kerklike jaar nie voorkeur geniet nie. Die gedeeltelike

disfunksionering hou verder verband daarmee dat nie al die predikers van die NG Kerk bereid sal wees om op 'n langtermynbasis voortdurend in die prediking en die gemeentelike lewe en arbeid aandag te gee aan die kerklike jaar nie, al sou hulle behoorlike riglyne daarvoor ontvang. Dit het verder geblyk dat predikers in die NG Kerk 'n probleem het om die kerklike jaar in sy volle omvang tot uitdrukking te bring in die prediking en daarmee saam in die gemeentelike lewe en arbeid te integreer. Hierdie gegewens het 'n belemmerende effek op die praxis.

In die derde fase van die ondersoek, wat in 'n sekere opsig ingebed is in die vorige twee prosesse en ook logies daaruit voortvloei, word gepoog om *verandering* te weeg te bring. Heitink verwoord dit soos volg: "*Het perlocutieve karakter van een handeling, vergelykbaar met de kracht van het taalgebruik en de bij het verklaren verworven inzichten in menselijk gedrag en sociale verschijnselen, bieden in samehang aanwijzingen voor het ontwikkelen van methoden voor gespreksvoering, leerprocessen en vormen van opbouwwerk. Dit betekent dat het strategisch perspectief voortdurend in samehang met het hermeneutisch en het empirisch perspectief ontwikkeld moet worden*" (1993:188). Die praxis moet verbeter word ter wille daarvan dat die kommunikatiewe handeling wat in en deur die gemeente verrig word in diens van die evangelie meer effektief kan wees.

In hierdie hoofstuk word dus gefokus op die verandering van die praxis met die doel om 'n *verstelde praktykteorie* te ontwikkel as resultaat van 'n teologiese refleksie oor die empiriese bevindinge, wat drie vorme kan aanneem:

- 'n Terugkoppeling van die bevindinge na die oorspronklike teorie van waaruit die ondersoek geloods is;
- 'n Teologiese interpretasie van die saak waaroor die ondersoek gedoen is aan die hand van die konkrete konteks wat in die empiriese ondersoek vasgestel is; en
- 'n Teologiese refleksie op die metodologie na aanleiding van die pas voltooide studie (vgl Pieterse 1993:188).

Die derde fase van die verstaansproses, waarvan die doel is om 'n nuwe sintese aan te bied van insigte wat deur die ondersoek ontwikkel het en dit by wyse van 'n aantal aanbevelings aan die orde te stel (vgl Nell 1996:325; Smit 1997:332), kom in hierdie hoofstuk aan die beurt. Die verstellings wat vervolgens voorgehou word moet in hierdie lig beskou word.

5.2 VERSTELLINGS

5.2.1 Positiewe waardering van die Bybelse feeste en die kerklike jaar

In die literatuurondersoek is vasgestel dat feeste 'n integrale deel van die lewe en godsdiens van God se volk was. Feesviering het nie net bepaalde behoeftes wat by die mense bestaan het vervul nie, maar spesifieke tye en voorskrifte vir die viering daarvan is ook mettertyd in die wetgewende gedeeltes van die Ou Testament en in ander literatuur vasgestel. In verskillende fases van die Israeliete se geskiedenis is die volk deur hul profete beoordeel in die lig van die gawes van God wat hulle tydens die feeste gevier het en die lewe waartoe hulle geroep is om te lei in die lig van die voorskrifte daarvan (vgl bv Jes 1:13-14; Hos 2:10; Am 8:5). Afwysende kommentaar op die feeste is nooit teen die viering as sodanig gerig nie, maar teen die gesindheid waarmee die onderhouding geskied het en die wanpraktyke wat rondom die vieringe bestaan het. Jesus het ook deelgeneem aan die feesvieringe van sy dag en selfs daarby aangesluit in sy bediening (vgl bv Luk 2:41-51; Joh 2:13; 5:1; 7:2, 10; 12:1-8). Die vroeë volgelingen van Jesus het voortgegaan om die feeste te vier (vgl bv Hand 3:1; Gal 4:10), maar dit is mettertyd na die eise van die tyd aangepas en ook met nuwe inhoude gevul (vgl veral Braulik 2000:92-112).

Die gebruik van die vroeë Israeliete om kultuur- en godsdiensgoedere by hulle bure "te leen" en dit aan te pas, is dus deur die Christene voortgesit. Die invloed van die voortdurende wisselwerking tussen die Christendom en die "heidendom" was wedersyds en soms van so 'n aard dat dit vandag moeilik is om te onderskei wie by wie geleen het. Daar het ook 'n wisselwerking bestaan tussen die kerke in verskillende streke en 'n uitgebreide tradisie het mettertyd ontstaan rondom die kerklike jaar en die inrigting daarvan. In hoofstuk drie is iets van hierdie refleksie en worsteling met probleme waarmee die kerk te doen gekry het, weergegee. Dit is deurgaans duidelik dat die doel, eers van die feeste en later van die kerklike jaar, was om God self en dit wat Hy gedoen het (en steeds doen en nog gaan doen) in herinnering te roep en fees te vier daarvoor. Hierdie doel is alreeds genoeg rede om die Bybelse feeste en die kerklike jaar positief te waardeer. Met die wesenslike van die vieringe kan daar nie fout gevind word nie, maar daar sal ook vorentoe disfunksionering voorkom rondom die viering van die mooi wat God gegee het, steeds gee en nog gaan gee.

Dat die kerklike jaar positiewe waarde vir die prediking én die kerklike lewe en arbeid kan inhou, het nie net geblyk uit die literatuurondersoek nie, maar dit is ook in die empiriese ondersoek beklemtoon deurdat ten minste 99% van die respondente daarin aangedui het dat hulle van mening is dat die doelbewuste inagneming van die kerklike jaar waarde hiervoor kan inhou. Die waardering wat die respondente vir die kerklike jaar het, het verder geblyk uit die feit dat meer as negentig persent van hulle aangedui het dat hulle bereid is om op 'n langtermynbasis voortdurend aandag te gee aan die kerklike jaar indien hulle behoorlike riglyne hiervoor sou ontvang. Alhoewel die respondente in die empiriese ondersoek nie kon aandui watter waarde hulle meen die kerklike jaar inhou nie, is die waarde daarvan deur die literatuurondersoek bevestig. 'n Positiewe waardering van die kerklike jaar word verder gebaseer daarop dat dit ten minste in en deur die gemeente benut kan word as 'n belangrike hulpmiddel in die kommunikasie van die evangelie, as 'n vernuwingshulpmiddel met pedagogiese waarde en om lidmate te begelei daarin om te groei in die groot strukture van die Skrif. Naas hierdie benuttingsmoontlikhede bied dit te midde van 'n veranderende situasie vaste punte en ook raakvlakke vir die ekumeniese gesprek en die sosiale funksies van die kerk (vgl 1.7.2). Geen wonder dat daar tans 'n hernieude belangstelling in die kerklike jaar is nie!

Die empiriese ondersoek het ook uitgewys dat die respondente, net soos praktikers deur die eeue heen, probleme ondervind om die (inskrywings in die) kerklike jaar effektief te integreer in die kerklike praktyk, veral met verwysing na die prediking. Alhoewel die kerklike jaar hulp bied by die tekskeuse vir die prediking en predikers kan bewaar van 'n eensydige of chaotiese tekskeuse, word die kerklike jaar nie in sy volle omvang ontplooi nie en baie van die aksente wat daardeur in die brandpunt van die prediking gestel behoort te word, ontvang dus nie aandag nie. Die potensiaal van die kerklike jaar om daartoe by te dra dat die "volle raad van God" in die prediking verkondig word, word hiermee saam ook nie optimaal benut nie. Die omvang van die kerklike jaar, veral wanneer dit ruimer gedefinieer word, is sodanig dat dit nie volledig kon ontplooi word in die homiletiese toespitsing (vgl 3.6) wat in die verstaansfase van die ondersoek bestudeer is nie. Hieraan behoort aandag geskenk te word in verdere studie.

Die kerklike jaar kan vandag nog help dat ons ons prioriteite - nie net t.o.v. ons geloof nie - bepaal en uitleef deur ons te begelei om die ritme van die vroeë kerk te herontdek en die

kernwaardes van gelowiges deur die eeue heen in ons eie leefwêreld in te dra en te integreer. Die aksente van die drie groot jaarlikse feeste (die *paasfees* of fees van die ongesuurde brood, die *fees van die weke* en die *huttefees*; vgl Eks 34:23; Deut 16:16), wat elke volwasse manlike Israëliet verplig was om te vier, is steeds aktueel vir gelowiges wat die *verlossing* en die *gawes* wat God skenk wil vier en die *vreugde* daarvan wil ervaar. Hiernaas kan die *sabbat* steeds dien om die skepping sowel as verlossing uit slawerny te herdenk en as rusdag en as teken van die verbond tussen die Here en sy volk (Eks 20:8-11; Deut 5:12-15) te vier. Die beklemtoninge van veral die *nuwemaansfees* (Lev 23:23-25), wat later as *Nuwejaarsfees* beskou is (Num 29:1-6), die *Groot Versoendag* (Lev 16:29-34; 23:26-32; Num 29:7) en die *Purimfees* (Est 9:20-32) kan ook verkondig word en op 'n kreatiewe wyse ontgin word in die proses waardeur ons God verheerlik deur te dink aan wat Hy doen en te doen waartoe die spesifieke feeste gelowiges oproep (bv verootmoediging, hertoewyding ens; vgl 3.3.1).

Dieselfde geld vir dit wat die kerk deur die kerklike jaar wil verkondig en waarvoor die kerk die Here vandag nog wil dank. Die siklusse van die kerklike jaar kan waardevol wees vir gelowiges wat wil wegbreek uit 'n oppervlakkige spiritualiteit wat gebaseer is op hulleself deurdat dit telkens weer die aandag op God en sy werke vestig. In die literatuurondersoek het dit duidelik geword dat gelowiges die heelheid van die evangelie as God se goeie nuus aan die mens kan ervaar deur Christus se koms, sy geboorte, doop en verskyning, asook sy lydensweg, sterwe, opwekking en uiteindelik sy verheerliking en die gawe van die Gees weer en weer in ten minste die prediking te beleef en elke keer as 't ware dieper ingetrek te word in die geheimenis van God, sodat selfs gewone tyd as koninkrykstyding uitgeleef kan word. 'n Ruimer beskouing van die kerklike jaar kan ook meer positief waardeur word. As rigmiddel hierin het die kerklike jaar besondere waarde en elke keer wanneer 'n prediker sy tekskeuse en prediking deur die kerklike jaar laat beïnvloed, word die waarde daarvan beklemtoon.

Die moontlikhede wat die kerklike jaar bied is byna onuitputbaar en die manier waarop met die kerklike jaar omgegaan word, sal bepaal of die waarde wat dit inhou vir die kommunikatiewe handeling van die Christelike geloofsgemeenskap na behore ontgin kan word. Vanweë die prominente plek wat die prediking in hierdie handeling inneem, is dit veral belangrik dat daar groter klem op die kerklike jaar gelê word in die prediking.

5.2.2 Groter klem op die kerklike jaar in die prediking

In die empiriese ondersoek is vasgestel dat respondente hulle tekskeuse en prediking laat beïnvloed deur die kerklike jaar en geleentheid wat verband hou met die kerklike lewe en arbeid. Die ondersoek het ook uitgewys dat daar nie altyd reg geskied aan die kerklike jaar nie en dat predikers probleme ervaar daarmee om dit te doen, veral wanneer geleentheid met mekaar saamval. 'n Tendens dat behoeftes van die plaaslike gemeente voorrang geniet bo die korporatiewe identiteit van die kerk, is geïdentifiseer deur die feit dat geleentheid wat in die gemeentelike lewe en arbeid belangrik is, meermale voorkeur geniet het bo die inskrywings van die kerklike jaar. Deurdagtheid en goeie beplanning kan daartoe bydra dat die kerklike jaar en geleentheid wat vir die kerk en gemeente belangrik is, met mekaar geïntegreer kan word. Die bevinding van die empiriese ondersoek dat respondente bereid is om op 'n langtermynbasis aandag te skenk aan die kerklike jaar die noodsaaklikheid hiervan.

In die prediking (vgl 2.4), as die proses waarin dit handel om die koms van God drieënig na die wêreld deur sy Woord, bied die kerklike jaar as ordeningsprinsipe vir die prediking 'n goeie struktuur om die diverse aard van God se koms en die gepaardgaande heil te bemiddel. Die Bybelteks, die Christelike tradisie en die konkrete raam van die teenswoordige situasie kan in die prediking deurentyd met mekaar in verband gebring word om relevante waardes en leerstellinge te versterk terwyl God sentraal staan en die heil in al sy vorme en variasies verkondig en ontvang word. As basiese kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie moet die prediking nie onderskat word as modus waardeur die kerklike jaar in en deur gemeentes kan herwaardeer word nie. In die prediking word dieselfde inhoud verkondig as dit wat in die kerklike jaar gestruktureerd aangebied word. Die vraag kan ook met reg gevra word of enigiets wat nie in die kerklike jaar teruggevind kan word nie, enigsins in die prediking behoort.

In die homiletiese toespitsing (vgl 3.6) word heelwat van die moontlikhede wat deur die kerklike jaar gebied word om in die prediking ontgin te word uiteengesit en in die geleentheid wat aangedui is as moontlike aanknopingspunte en ontginningsmoontlikhede vir die prediking (vgl 3.4.2) lê baie stof waaruit geput kan word. Alhoewel die invloed van al hierdie geleentheid in die tekskeuse en die prediking nie empiries ondersoek kon word

nie, is uit die toetsing wat wel plaasgevind het afgelei dat predikers probleme ondervind hiermee. Beplanning rondom die prediking behoort daarom iets van die verskeidenheid van moontlikhede wat die kerklike jaar naas die hooffeeste aanbied te reflekteer. 'n Omvattende uiteensetting hiervoor regverdig 'n selfstandige studie. Leesroosters (soos veral die RCL) wat gereeld hersien word kan hierin van waarde wees en nog beter benut word as wat tans die geval is.

Die interpretasie van die Bybel (die openbaring van God in die verlede), die onderskeiding van God se handeling in die wêreld (kennis van God in die verlede en die hede) en die aanbieding van die misterie van God (verlede, hede en toekoms) kan in die prediking op kreatiewe en verbeeldingryke wyse in verband met mekaar gebring word deur die gang van die kerklike jaar sodat teologiese, ekklesiologiese en sosiologiese perspektiewe daarin verreken word. Sodoende kan die prediking Skrif-, tradisie- en werklikheidsgetrou wees. Deur 'n groter klem te lê op die kerklike jaar, kan die prediking in die onderskeie seisoene daarvan reg laat geskied aan die drie-eenheid van God en sy koninkryk (vgl 2.5). Deur die verbande wat in die vorige hoofstuk tussen die kerklike jaar en die homiletiese toespitsing daarvan deur te trek na die kerklike praktyk, kan die winspunte van die eietydse ekklesiologie ook in diens gestel word van die gemeente (vgl 2.6). In die literatuur-ondersoek is meer as eenmaal uitgelig dat die werklikhede van die dag en die emosionele getye van die mens ook in die kerklike jaar aansluiting vind. Antropologiese perspektiewe kan dus ook toeganklik gemaak word vir benutting deur die kerklike jaar in ag te neem in die prediking (vgl 2.7).

Wanneer dit gebeur, kom nie net God en die verkondiging van die evangelie in die prentjie nie, maar ook die hoorder (vgl 2.4). Deur die kerklike jaar in die prediking te beklemtoon, kan vaste punte - wat nodig is om sekuriteit te hê - gebied word sodat hoorders nie net in 'n veranderende leefwêreld kan funksioneer nie, maar floreer (2.8; 2.9) omdat hulle lewe voor die aangesig van die lewende God wat by alle aspekte van hulle lewens betrokke is. Die oorredende intensie van die prediking kan in verskillende fases van die kerklike jaar benut word om hoorders tot geloofshandeling oor 'n wye spektrum te motiveer, inspireer en aktiveer sodat daar aandag geskenk word aan meer as net dit waaraan die gemeente gewoond is of sou aandag gee vanweë die voorkeure van die betrokkenes.

Predikers en/of werkgroepe wat met die erediens en liturgie gemoeid is kan byvoorbeeld (op byvoorbeeld 'n jaarlikse basis) self bepaal watter behoeftes en vraagstukke binne hul eie konteks relevant is en dan in aansluiting by die kerklike jaar daarop fokus. In Adventstyd behoort byvoorbeeld ten minste gevra te word: Wat beteken die koms van God in ons gemeente se konteks? Hoe kan ons gemeente bewus raak van God se koms in ons midde? Hoe kan ons ander mense bewus maak van God se koms in ons midde en hulle help om God hierin te ervaar? Watter toerusting het ons nodig om dit effektief te kan doen? en so meer. Na biddende en bestuderende omgang met God, die Woord (vgl bv die perikope wat aangedui is in 3.6) en die eie konteks van die gemeente kan bepaal word wat in die prediking aangeraak behoort te word en kan aktiwiteite wat hierby aansluit beplan en uitgevoer word. Hierdie proses kan dan elke keer herhaal word m.b.t. die verskillende seisoene van die kerklike jaar. Ook hieroor kan 'n selfstandige ondersoek gedoen word. Langs hierdie weg kan reg geskied aan die kerklike jaar, kan die teks en die konteks verreken word en kan leesroosters benut word sonder dat daarvan iets voorskrifteliks gemaak word.

Die verhouding tussen die kerklike jaar en die belangrike momente in die lewe en arbeid van die gemeente kan ook bevorder word deur die kerklike jaar in die prediking te beklemtoon. Alhoewel dopelinge in die vroeë kerk eers net met Paasfees en later ook met Pinkster gedoop is, is dit nie haalbaar om slegs een of tweemaal per jaar te doop in ons tyd nie. Die kere wat Paasfees nie gedurende die skoolvakansie val nie, behoort daar egter groter klem te wees op 'n doopbediening op hierdie dag. Die tydperk vooraf kan dan benut word om "soos vroeër" as gemeente saam te fokus op die betekenis van die doop (vgl 3.6.4). Andersins kan ten minste beplan word om die bediening van die doop te laat saamval met die eerste Sondag in Januarie - en in die voetspoor van Jesus se doop wat op dié Sondaggevier word elke eerste Sondag van die maand - en/of met Epifanie, Paasfees, Pinkster en moontlik op Christus die Koning-Sondag. Dieselfde beginsel geld die openbare belydenisaflegging. 'n Goeie tyd hiervoor blyk met Hervormingsondag te wees, wanneer die fokus veral op die belydenis van die reformatoriese kerk(e) is (vgl 3.6.8).

Afhangende van hoeveel maal per jaar 'n bevestiging van kerkraadslede en gemeenteleiers geskied, kan dit ook op dieselfde basis beplan word om byvoorbeeld veral met Paas-, Pinkster- en iewers in Koninkrykstyd te val. Andersins kan dit ook saam met die viering van

die nagmaal val. Die fokus van die spesifieke dienswerk wat aan die betrokke leier(s) opgedra word kan ook medebepalend wees in die vasstelling van die datum na gelang van die seisoen waarin hierdie diensaktiwiteit meer prominent is. 'n Gemeente behoort haar verjaarsdag te vier en die ideale tyd hiervoor is die Sondag die naaste aan die stigtingsdatum. Indien die datum saamval met 'n hoof- of soortgelyke fees in die kerklike jaar, kan die aksente van hierdie fees en die gemeente se bestaansdoel en visie met mekaar in verband gebring word in die prediking. Andersins is Pinkster 'n goeie tyd vir hierdie vierigsgeleentheid omdat dit verband hou met die impuls wat Pinkster in die groei van die kerk te weeg gebring het.

Die wagwoord in hierdie kreatiewe omgang met die kerklike jaar in die prediking, moet deurentyd deurdagtheid en konsekwentheid wees. Deur goeie beplanning kan die verskillende fases van die gemeentebouproses ook gekoppel word aan die kerklike jaar en in die prediking aandag kry. 'n Verdere ondersoek kan op die moontlikhede hiervan ingaan. Buiten prediking op Sondae kan preekreeks ook gedurende die verskillende seisoene in die kerklike jaar gehou word. Ter illustrasie: Die Week van Gebed aan die begin van die jaar kan byvoorbeeld gebruik word om (ook meditatief?) bewus te raak van God se teenwoordigheid en daarvan dat ons nie 'n nuwe jaar sonder Hom binnegaan nie, Heilige Week (of 'n ander week wat gedurende die skooltermyn val) kan dien as 'n tydperk om te fokus op Jesus se lyding en God se betrokkenheid by (ook ons) nood en lyding, Pinksterweek of 'n week in Paastyd, kan gebruik word om te fokus op die oorwinning oor omstandighede en toerusting wat God deur Christus se opwekking en die gawe van die Gees skenk en gedurende Koninkrykstyding kan 'n week ingerig word waartydens op konkrete dienslewering in die gemeenskap gefokus word.

Prediking in die kerklike jaar kan gemeentes ook in staat stel om hulle identiteit, visie en doelstellings te bevorder. 'n Visie wat aansluiting vind by die gang van die kerklike jaar, kan byvoorbeeld lui: Ons is 'n gemeente wat die drie-enige God en dit wat Hy skenk vier deur te fokus op sy teenwoordigheid in ons midde (Advents-, Kers- en Epifanietyd), uitreik na mense en betrokke raak by hulle en hulle nood (Lydens- en Paastyd) en ons laat toerus (Pinkstertyd) vir ons dienswerk in Gods koninkryk (Koninkrykstyding). Die aksente van die verskillende seisoene in die kerklike jaar behoort ten minste op een of ander wyse in die prediking beklemtoon te word.

Wanneer die kerklike jaar in die prediking beklemtoon word, kom nie net teologiese en ekklesiologiese aksente in die prentjie nie, maar ook die hoorder. Die verband tussen die kerklike jaar en die antropologie in die prediking noodsaak verdere ondersoek, maar dit val buite die doelstelling van hierdie ondersoek. Mense se belewenis van tyd het 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling en groei van die kerklike jaar. Die verbondenheid aan die siklusse in die natuur het algaande afgeneem - veral in die suidelike halfmond - en die teologiese beklemtoning het meer op die voorgrond getree (die stryd rondom die paasdatum en die verhouding tussen Kersfees en Epifanie, waarna reeds vroeër verwys is, is enkele voorbeelde hiervan). Indien die uitwerking van 'n postmoderne ingesteldheid uitkring, sal dit die kerk waarskynlik die moeite loon om nie suiwer kerugmaties en veral nie apologeties om te gaan met die groot feeste van die kerklike jaar nie, maar om ook te fokus op die verbintenis wat dit het met "die seisoene van die lewe" en die moontlikhede wat dit bied, te ontgin.

Die opkoms van die narratiewe benadering en die gepaardgaande paradigmaskuif van *"rhetoric to narrative"* (Eslinger 1987:11-14, 56; vgl 2.8) maak die beklemtoning van die kerklike jaar in die prediking nie net makliker nie, maar noodsaaklik. Die rede hiervoor is dat die kerklike jaar hoofsaaklik gebaseer is op narratiewe soos die geboorteverhaal en die passie- en opstandingsnarratiewe (vgl 3.4.1; 3.6) en die standpunt dat God se selfopenbaring verhaalmatig is: *"Since God has been revealed in Jesus Christ, Christians have access to this revelation in the form of a story. God's selfdisclosure is, in the first place, story-shaped, narrative in nature"* (Smit 1994:42-44). Westerhoff (1994:15) het aangetoon dat narratiewe taal uitstekend geskik is om die Christelike karakter, identiteit en *"way of life"* oor te dra en Eslinger (1987 en 1994) en Brueggeman (1994) het reeds 'n verantwoordelike metodiek vir so 'n prediking voorsien, terwyl Suid-Afrikaanse homilete soos Vos (1996 en 1996a) en Pieterse (1985) reeds publikasies in dié verband voorsien het. Empiriese navorsing het aangetoon dat heelwat meer predikers in die NG Kerk (in gemiddeld 15% van alle preke) van die verhalende preekvorm gebruik maak as wat vroeër die geval was. Hy skryf ook dat dit 'n saak van prioriteit is dat predikers so ver as moontlik op hoogte moet kom van die verhalende preekvorm (vgl Nell 1996: 331). Geleenthede soos Drie-eenheidsondag en Christus die Koning-Sondag bied weer gelentheid om van ander preekvorme gebruik te maak. Verskeie literêre genres kan ook deur die beklemtoning van die kerklike jaar in die prediking aan die orde gestel word.

Groter klem op die kerklike jaar in die prediking, beteken nie dat die kerklike jaar as sodanig gepreek word nie, maar dat daar gedurende die verloop van die kerklike jaar aangesluit word by die besondere beklemtoning van die verskeie momente daarin, sodat daar op verskillende maniere uitdrukking verleen kan word aan die drie-enige God se teenwoordigheid en betrokkenheid in en by die wêreld, die kerk en die mense - afsonderlik en gesamentlik. Wanneer die Bybelse feeste en die kerklike jaar positief waardeur word en in die prediking beklemtoon word, sal dit waarskynlik ook daartoe lei dat die prediking 'n rimpeleffek het op die kontekste waarbinne dit geskied.

5.2.3 Groter klem op die doel en konteks van die prediking

Wanneer die kerklike jaar in die prediking beklemtoon word en hierdie konsepte met mekaar in verband gebring word, kom die vraag na die doel en die konteks van die prediking dadelik na vore. Die diepste belang van die prediking is steeds die bediening van die lewende Woord van God uit die Skrif in die werklikheid van die mens van ons eie dag (vgl 2.4). Die hart daarvan sal altyd God se goeie nuus wees, maar die "verpakking" sal van tyd tot tyd verskil omdat die prediking, sistemies gesproke, in 'n direkte en dinamiese verband staan met die kontekste van die liturgie, die gemeente en die sosio-kulturele wêreld en omdat hierdie kontekste ook direk met mekaar verband hou en mekaar voortdurend wedersyds beïnvloed (vgl 2.3.2.3; 2.8).

In die prediking word die individu en die gemeente korporatief binne die konteks van die verhouding met God, die lewe voor sy aangesig, te staan gebring in die dampkring van die erediens, gemeente en omgewing. *"Wat in die prediking gesê word (die eerste moment), moet gereflekteer word in die strukture en programme van die gemeente (die tweede moment) en gemoduleer word in die styl, etos en spiritualiteit van die leierskap van die gemeente: die predikante, kerkraad en ander gemeenteleiers (die derde moment) ... Dit is eers wanneer al drie bogenoemde momente dieselfde "taal" praat dat die boodskap geloofwaardig word en effektief 'n verskil sal maak in mense se lewens"* (Burger 1995:38). In die pendel tussen die Bybelse teks as vertrekpunt vir die prediking en die bevestiging daarvan in die amen van die gemeente daarop, bied die kerklike jaar 'n konteks wat moeilik geëwenaar kan word deur 'n ander hulpmiddel daartoe.

In die literatuurstudie is aangedui dat daar reeds baie hulpmiddels geskep is om die kohesie in die liturgiese konteks en die ekklesiologiese konteks van die prediking te bevorder. Hulpmiddels vir die inrig van die prediking aan die hand van die kerklike jaar is reeds geskep, in die Liedboek van die Kerk word liedere o.a. ooreenkomstig die momente in die kerklike jaar ingedeel, in die kategeese word lesmateriaal voorsien vir gebruik gedurende hierdie seisoene en in die kerklike media vind deurgaans voorligting in verband hiermee plaas (vgl 3.3.12). Ander kerke het alreeds ook gebedsriglyne en uitgebreide kalenders as aanvulling by die kerklike jaar (vgl CPSA 1993), waarvan met groot vrug gebruik gemaak kan word, nie net in die liturgiese konteks nie, maar ook in die lewe coram deo. Hulpmiddels vir kleingroepe en ander aktiwiteite behoort aangevul en telkens nuut geskep te word.

In die empiriese ondersoek is vasgestel dat meer as vyftig persent van die predikante al omvangryke publikasies oor die kerklike jaar gelees het en dat meer as sestig persent van hulle gereeld of soms van leesroosters gebruik maak om hulle tekskeuse en prediking hiervolgens in te rig, dui daarop dat die aanduiding dat die meeste van hulle bereid is om op 'n langtermynbasis aan die kerklike jaar aandag te gee in die prediking en die lewe en arbeid van die gemeente, meer is as net goeie voornemens. Die respons dat meer as 96% van die respondente in die empiriese ondersoek aangedui het dat hulle die ander liturgiese momente in die erediens laat aansluit by hulle tekskeuse en prediking, bevestig ook dat die liturgiese konteks positief beïnvloed sal word waar die Bybelse feeste en die kerklike jaar positief waardeur word en waar daar in die prediking 'n groter klem op die kerklike jaar geplaas word.

Wat die ekklesiologiese konteks van die prediking aanbetref, het meer as 75% van die predikante aangedui dat die kerklike jaar in hulle gemeentes 'n invloed het op ander gemeentelike aktiwiteite en dat daar aktiwiteite naas die eredienste gereël word wat verband hou met die kerklike jaar. Wat die aard en omvang hiervan is, is onseker, maar in die literatuurondersoek (vgl bv 3.7) is heelwat praktiese aanduidings van wat in gemeentes gedoen kan word rondom die kerklike jaar. 'n Gemeente wat haar aktiwiteite in aansluiting by die prediking inrig rondom die kerklike jaar behoort die vrug daarvan vroeër as eers oor die langtermyn te ervaar. Omdat die kerklike jaar nie net rigting verleen aan die prediking en ander liturgiese elemente nie, maar ook 'n raamwerk (kan) bied vir die beplanning en

inrigting van die gemeentelike arbeid, is enige aandag hieraan geregverdig en verdere aandag nodig.

Die amen van die gemeente op die prediking binne die liturgiese konteks van die kerklike jaar, is nie in die woord nie, maar in die bevestiging van roeping van die gemeente in die wêreld. Die doel van die prediking bly om hoorders in hulle bestaan aan te raak sodat daar by hulle 'n liefde vir God en die naaste gewek word, om hulle tot diens aan Hom en ander mense aan te moedig, en om hulle te beweeg om vir die geloofsgemeenskap en samelewing om te gee en te sorg. So word hoorders van die evangelie, wanneer God se heil hulle tref, deelnemers aan en medespelers van die heilspesies. Die doel van die prediking is, anders gestel, dat God se koningskap in die lewens van mense, die kerk en die samelewing gevestig word. Die goeie nuus van God en sy alternatiewe werklikheid word nie net verkondig nie, maar toegepas in die praktyk (vgl Brueggeman 1993).

Binne die godsdienstige konteks van die multi-kulturele gemeenskap in ons land, kan daar naas ekumeniese gesprek, waarvoor die kerklike jaar aanknopingspunte bied, ook inter-religieuse gesprek plaasvind met Jode en Moslems, met wie die Christendom in aansluiting by die Bybelse feeste, meer in gemeen het as wat beseef word. Vanweë die sentrale rol wat heilige tye in godsdiens speel, kan die kerklike jaar en die Bybelse feeste selfs 'n rol speel in die proses om hande te vat met ander gelowiges uit ander godsdienste sodat Suid-Afrikaners saam daaraan kan werk om ons land te omskep in die reënboogland waarvan ons almal droom (vgl bv Krüger, Lubbe & Steyn 2002:40-53; 64-90; 127; 163-169; 239-246; 269, 272).

Dit is veral hierin wat die kerklike jaar sigself onderskei as hulpmiddel tot die prediking. Die raakvlakke wat die kerklike jaar bied (m.b.t. ten minste Joodse gelowiges, wie ook die Ou Testament gebruik), die balans tussen die bybelse teks, die tradisie en die konteks van die tyd en so meer, sal moeilik geëwenaar kan word. Natuurlik is die kerklike jaar ook nie "volmaak" nie en moet voortdurend hieroor navorsing gedoen word. Met verwysing na Zerfaß se model (vgl 1.2), is dit eintlik alreeds nodig om die verstellde praktykteorie as praxis te begin ondersoek. Die kerklike jaar bied teoreties en vir die praktyk veel aan ter bevordering van die kerklike praktyk.

5.3 SLOT

Die vermoede wat bestaan het dat die kerklike jaar, met spesifieke verwysing na die prediking van die NG Kerk, in diens van die kommunikatiewe handeling van die Christelike geloofsgemeenskap ontplooi kan word op 'n wyse wat groter effektiwiteit hierin te weeg kon bring, is verwoord, op 'n prakties-teologiese wyse ondersoek en as waar bevind. Vanuit 'n literêre en 'n empiriese ondersoek, waarin die teorie en die praktyk in wisselwerking gebring is met mekaar, is probleme wat ondervind word ontleed, verstellings aangebring en 'n praktykteorie geformuleer. Die poging om te verstaan, te verklaar en te verander, is suksesvol onderneem en die doelwitte wat gestel is, is bereik. Aan die einde van hierdie ondersoek kan daarom teruggekyk word op 'n seisoen van God se genade: 'n jaar wat begin is met groot verwagting, deur verskillende fases gegaan het en waarin daar na ontbering en skynbare neerlae telkens weer orent gebeur en opgestaan is en met nuwe krag en geesdrif voortgebeur is totdat die multi-dimensionele koninkryk van God te voorskyn gekom het en met nuwe visie betree kon word.

Na dit alles staan een ding vas: die kerklike jaar kan in die prediking van die NG Kerk ontplooi word op 'n wyse wat dienswerk en aktiwiteite wat na aanleiding daarvan en in wisselwerking daarmee onderneem word, as deel van die kommunikatiewe handeling van die Christelike geloofsgemeenskap in diens van die evangelie, stimuleer en bevorder. Binne 'n konteks van armoede en voortdurende verandering - die situasie waarin Afrika(inwo)ners hulleself bevind - kan die kerklike jaar in die prediking langs hierdie weg lei tot feesviering oor Wie God is en wat Hy doen in die hede, gedoen het in die verlede en nog sal doen in die toekoms. Uiteindelik kan die kerklike jaar in 'n verstellende praxis, indien dit positief gewaardeer word en in die prediking beklemtoon word, daartoe aanleiding gee dat daar in 'n dor land 'n nuwe lus vir God ontspring, 'n *fons sine qua non* én dat tyd ervaar en beleef word as 'n jaar van God se genade.

SOLI DEO GLORIA